# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (15/16)

*Justin Chadwick 22 April 2016*

***"Everything that irritates us about others can lead us to an understanding of ourselves" Carl Jung***

## LANDBOU-BESIGHEIDSKAMER (AGBIZ)

By die CGA se Raadsvergadering in Februarie 2016 het die Direkteure besluit om by die AgBiz aansoek te doen vir lidmaatskap. Hierdie week is ons ingelig dat die aansoek aanvaar is. Die besluit om by AgBiz aan te sluit is omdat die twee entiteite se sleutel aktiwiteite baie ooreenstem, AgBiz is betrokke by marktoegang, regeringsbeleid en transformasie asook hul proffesionele aanslag. Ons sien uit daarna om 'n aktiewe deelnemer van die aktiwiteite van AgBiz in die toekoms te wees.

## "CITRUS RESOURCE WAREHOUSE (CRW)"

Diegene wat die CGA Roadshow vergadering in Februarie en Maart bygewoon het sal weet dat die Sitrus Akademie besig is om aan die "Citrus Resource Warehouse" te werk, 'n webwerf wat ontwerp is om 'n wye verskeidenheid van relevante dokumente vir die sitrusbedryf te stoor. Op hierdie plek sal jy alles vind van navorsingsverslae, voorligtingsaanbevelings, studiemateriaal, media artikels en nuusbriewe, wetgewing en regulasies en nog baie meer, alles in 'n soekbare PDF formaat. Die "resource warehouse" kan nou by www.crw.org.za besoek word. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos aan Jacomien de Klerk (jacomien@citrusacademy.org.za) of Angela Phillips (angela@citrusacademy.org.za).

## LETSITELE SITRUSONDERNEMINGSBESTUURSPROGRAM – INLIGTINGSVERGADERING

Die Sitrus Akademie beplan om 'n kursus in Sitrusondernemingsbestuur in Letsitele van Augustus 2016 tot Mei 2017 aan te bied. Die CBM is 'n leerlingskapprogram wat daarop gemik is om almal wat 'n sitrusplaas besit of bestuur te help met die ontwikkeling van hul besigheid se bestuursvaardighede. Op Donderdag 12 Mei gaan 'n inligtingsvergadering oor die program gehou word by The Junction, waarna alle Letsitele en Hoedspruit produsente uitgenooi word. Vir meer inligting, kontak asseblief vir Jacomien de Klerk (jacomien@citrusacademy.org.za) of Desiree Schonken (desiree@citrusacademy.org.za).

## SUID-KOREA EN JAPAN

Die Suid-Koreaanse inspekteur het die lys van PUCs en boorde en pakhuise goedgekeur en verpakking en inspeksies vir Suid-Korea kan nou begin. Patrick Magadani by DAFF en Rauf Dawood (Dbn korea@fpt.co.za) in die Durban hawe het die lyste van daardie produksie-eenhede wat vir Suid-Korea geregistreer is. Japan inspeksies het ook hierdie week begin. Fakture: Die fakture vir inspeksies sal vandag uitgestuur word.

## OPENBARE KONSULTASIES WAT GEHOU GAAN WORD TEN OPSIGTE VAN DIE WET VAN TOESIG OP DIE UITVOER VAN BEDERFBARE PRODUKTE, NO. 39593 SOOS IN DIE STAATSKOERANT OP VRYDAG, 15 JAN 2016 GEADVERTEER

Die sogenaamde PPECB Wet is in die 1980s uitgevaardig – baie van die inhoud is dus nie meer van toepassing op die omgewing waarin hul in 2016 betrokke is nie. Die Wet word tans hersien en dit is belangrik dat almal in die voorsieningsketting hulself moet vergewis met die beoogde veranderinge, krities kyk na wat PPECB moet en kan doen, en die openbare konsultasies bywoon sodat jou mening gehoor kan word. Die konsultasies sal as volg gehou word: **PE** - 30 Mei 2016: 10:00-12:00 - Beach Hotel, Marine Rylaan, Summerstrand; **Durban** - 31 Mei 2016: 10:00-12:00 - Gateway Hotel, hoek van Eeufees Boulevard & Twilight Rylaan, Umhlanga Ridge; **Gauteng** - 1 Junie 2016: 10:00-12:00 - In Joy Boutique Hotel, 1033 Shirley Road, Eldoraigne, Centurion; **Kaapstad** - 2 Junie 2016: 10:00-12:00 - Protea Hotel Tygervallei, af van UysKrige/Agulhasstraat, Bellville. Kontak Michelle Adams by 021 930 1134 of MichelleA@ppecb.com vir enige navrae.

## SUIDOOS ASIÈ - REIS

Op Sondag sal ek saam met 'n Fruit South Africa afvaardiging gaan wat Indië, die Filippyne en Indonesië oor die volgende twee weke sal besoek. Die eerste stop is Indië, waar Fruit SA weereens 'n borg van "Fresh produce India" sal wees - hierdie groeiende mark vir Suider-Afrikaanse sitrusvrugte is 'n belangrike mark vir die toekoms. Die besoek sal vergaderings met invoerders, owerhede en ander wat betrokke is by die Indiese vrugtehandel insluit. Met min vordering met die toegang vir sitrus na die Filippyne sal die afvaardiging eerstehands poog om uit te vind wat die vertraging veroorsaak sedert die Filippynse owerhede se besoek aan Suid-Afrika in Augustus 2015. En in Indonesië sal die afvaardiging presies die voordele vasstel wat sal spruit uit die die "mutual country recognition", wat is nodig om die erkenning te behou en of Indonesië van plan is om permitte vir die invoer van sitrus in 2016 toe te laat.

**SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE CGA GROEP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGACC, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY AND CITRUS ACADEMY)** justchad_cga